# UITDAGING VIR NASKRIF APRIL - MEI UITGAWE - LEES DEEGLIK!

*(Deel gerus met ander!)*

Jou verhaal kan in die glanstydskrif, **NASKRIF** verskyn, asook in ’n kortverhaalbundel wat in Oktober/November saamgestel sal word. In 2025 het ons **Afri-Allegaartjie** vrygestel en vanjaar doen ons dieselfde!

**OM DEEL TE NEEM:**

A. Skryf 'n **Fantasie kortverhaal** en gebruik ’n foto uit **Tema A** as basis vir jou verhaal. LEES OOR DIE TEMA ONDERAAN.

OF

B. Skryf ’n **kortverhaal (enige genre)** en gebruik ’n foto uit **Tema B** as basis vir jou verhaal. LEES OOR DIE TEMA ONDERAAN.

1. **Woordtelling:** minimum 1000, maksimum 1500 woorde (streng toegepas).
2. Gee jou storie 'n goeie titel en plaas jou naam en van onder die titel, AS OOK JOU E-POSADRES. Dui dan die foto aan wat as basis vir jou verhaal gebruik is.
3. Stuur jou verhaal in Word-formaat ALLEENLIK.Geen 'indent' in die manuskrip nie. Hou asseblief by die reëls om te kan kwalifiseer. Ons gee GEEN terugvoering nie.
4. **SLUITINGSDATUM** is 10 Mei 2026. Ons betaal nie vir inskrywings nie.
5. **STUUR NA** nicoschamrel@gmail.com MERK JOU E-POS: NASKRIF STORIE
6. Alhoewel die goedgekeurde verhale geproeflees word, sal verhale weer geredigeer word vir die finale publikasie van die bundel. ’n Proefleesfooi is dan betaalbaar om die drukkoste te dek.
7. **TEMA A**. Kies ’n foto wat die sentrale tema moet wees van jou verhaal - bou jou verhaal om hierdie foto en fantasie tema. Dus sal dit een van die volgende wees: 1. Prinses, 2. seilskip, 3. wit kasteel, 4. bootjie op rivier.
8. **TEMA B**. Kies ’n foto wat die sentrale tema moet wees van jou verhaal - bou jou verhaal om hierdie foto en fantasie tema. Dus sal dit een van die volgende wees: 1. kitaar, 2. horlosies, 3. naambord, 4. wol en knope.
9. **VEREISTES VIR HIERDIE UITDAGING** Goeie dialoog, interessante karakters, emosies, minimum beskrywend, meer aksie is belangrik. Dit moet voldoen aan 'n

goeie aangrypende begin wat die leser dadelik boei, verrassende klimaks of draaipunt, onverwagse asemsnak slot. Vermy die alledaagse, voorspelbaarheid en holruggeryde storielyne – oorweeg, dink, beplan deeglik.

10. **KIES MINSTENS TWEE** (OF MEER): Straatsanger / Draak / Seerower / Kroegmeisie / Skim / Oujongnooi / Bruidegom / Bejaarde vrou / Bakker / Grofsmit / Jong debutant / Kelner / Skoonmaker / Vlieënier / Skeepskaptein / Matroos / Blommeverkoper / Kneg / Priester / Gevangene / Huursoldaat / Kleindogter Stasiemeester.

11. **VERHALE SAL STRENG BEOORDEEL WORD.**




**A. FANTASIE**




**B. ALLE GENRE**